

**24 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 14:1-23**

### **Christelik vryheid se gerigtheid**

As gelowiges bevind ons ons in opdrag van die Here op die spandraad van Christelike vryheid, wat tegelyk die spandraad van Christelike liefde is.

Op 'n spandraad is daar altyd die risiko om af te val. Ons kan óf aan die een kant afval in Farisese wettisisme, óf aan die ander kant in losbandigheid. Ons is egter nie geroep om die middeweg tussen die uiterstes van wettisisme en losbandigheid te bewandel nie, maar 'n totaal ander weg.

Christelike vryheid is gerig op die eer van God en die belang van medegelowiges. Perk 'n mens nie die vryheid in deur dit só te kwalifiseer nie? Nee, net so min as wat 'n vis se vryheid ingeperk is deur die water waarvoor hy geskep is. Dit is juis buite die water dat die dood die vis se voorland is.

Die Here het ons geskep sodat ons Hom en ook mekaar waarlik kan liefhê. As gevolg van die sondeval is dit ons aard om God en ook mekaar te haat. In sy genade het die Here ons egter nie aan ons haat oorgegee nie. Hy het ons deur die verdienste van sy Seun uit ons haat verlos. Ons is nou vry om Hom weer lief te hê en met oorgawe te dien. Ons is ook vry om mekaar waarlik lief te hê.

Laat ons, onder leiding van die Heilige Gees, op die spandraad van Christelike vryheid loop, gerig op God se eer en ook op die belang van ons medegelowiges.

*Sing: Psalm 116:1 Ds JH Jordaan (Kimberley)*